

HOOFSTUK III

Enkele grondstellinge i.v.m. die Opvoeding en onderwys in die verskillende samelewingsvorme.

1. Inleiding.

In aansluiting by die vorige hoofstuk waar gewys is op die universaliteit van die pedagogiese werksaamheid, gaan ons nou spesifiek daartoe oor om die bydrae van die huisgesin, die kerk en die staat, naas andere instellinge en ook die onderlinge verhouding tussen hulle aan te toon ten opsigte van die onderwys en opvoeding.

A. 'n Kort analise van die huisgesin as samelewingsvorm, om sy bydrae tot die opvoeding van die kind aan te toon.

1. Definisies en omskrywinge van die huisgesin.

a) „The term family refers to four different things:

- a. one form of free, intimate association, i.e. the primary group;
- b. a group of people organized to do certain things, i.e. a purpose group;
- c. a group of people related by blood, although not necessarily living together, i.e. a kinship group and
- d. the cultural idea or pattern for such relationships, i.e. the family institution" ¹⁾.

b) „The family is from some points of view the primary human institution. In the first place, one of its functions

1) Carr, L.J.P.: Situational Analysis; An Observational Approach to Introductory Sociology, p. 3.

is to reproduce and maintain the species. In the second place other institutions have their origin in family life. That is economic activities, social control, education, recreation, religion, and other specialized patterns of social behavior first developed in the family.....The evolution of the family consists of its transformation from a small selfsufficient society to a specialized functional unit or institution within a gradually enlarging society" 1).

c) „Hence any existent society will be found to possess an institutional structure through which its functions are performed, and any particular part of the structure will be adapted for the performance of certain functions. In the case of the family we have an institutional complex adapted to meeting the societal need for continual replacement of the social membership. This replacement has several aspects. It involves the physical reproduction of new individuals, the nourishment and maintenance of these individuals during infancy and childhood, and the placement of these individuals in the system of social positions" 2)

d) „This is the family. Looking backward, membership in the family is distinctly biological; looking forward, it is sociological a definite combination of the biological and the sociological" 3).

e) „The family is a major focus of institutional patterns. Courtship patterns, marriage, patterns of child care, kinship systems are all aspects of the major institution of the family" 4).

1) Lundberg, G.A., Schrag, C., Larson, O.N.: Sociology, p. 506.

2) Davis, K.: Human Society, p. 394-395.

3) Fairchild, H.P.: General Sociology, p. 17.

4) Roucek, J.S. en Warren, R.L.: Sociology, An Introduction, p. 95.

f) „Marriage and the family exist primarily for the perpetuation of the human race, by the procreation and care of children" 1).

g) „Institutions are systems of social relationships to which people feel loyal because these systems are judged to embody the ultimate values that these people have in common Their acceptance need not be rational or conscious; it is often traditional or emotional. This is obviously true of such long established institutions as the family" 2).

h) „Het gezin is het intieme levensverband tussen ouders en kinderen gefundeerd in de natuurlyke afstamming en bloedverwantschap naar de norm der onderlinge liefde" 3).

Uit hierdie definisies en omskrywinge asook uit andere wil ons aantoon watter bydrae die huisgesin tot die opvoedingsproses lewer. In ooreenstemming met ons opvatting sluit ons aan by 'n aanhaling van Furfey, nl. dat die Sosiologie die struktuurwetenskap van die menslike samelewing is. Dit geld ook van die onderskeie samelewingsvorme dat daarin 'n strukturele en funksionale orde is⁺ 4).

Wilson en Kolb lig die saak as volg toe: „Treated apart from the social structure, the processes are so abstract that little can be said about them or little use made of them in research. Seen as functional elements within social systems they take on significance as the dynamic components which make society a going concern" 5).

-
- 1) Ross, Eva J.: Sociology and Social Problems, p. 95.
2) Angell, R.C.: The Integration of American Society, p. 25-27.
3) Van Dijk: Mens en Medemens, p. 87.
4) Vgl. Furfey: The scope and method of sociology, p. 148.
5) Wilson and Kolb: Sociological Analysis, p. 846.

Die dinamiese strukturele orde van die huisgesin is m.a.w. ook opgebou uit verskillende aspekte wat in wese 'n rangorde in waardes is. In elkeen van hierdie aspekte het die ouer en die kind en die gesinsgroep, indiwiidueel en gesamentlik, sekere funksies wat vervul moet word. By hierdie funksies wat vervul word, is daar een wat op die voorgrond tree, die kwalifiserende funksie, nl. die etiese, d.i. die onderlinge liefdesverhoudinge tussen ouers en kinders. Die kwalifiserende funksie noem ons die bestemmingsfunksie, m.a.w. die bestemmingsfunksie van die huisgesin is te vinde in die etiese aspek.

Die onderlinge liefdesverhoudinge tussen die gesinslede verskil van al die anders geaarde samelewingsvorme, omdat hierdie sisteme van tussenmenslike verhoudinge hulle grondslag het in die bloedsbande wat die gesinslede aan mekaar bind. Hierdie bindinge noem ons die funderingsfunksie, en dit is te vinde in die biotiese aspek.

Die bestemmings- en funderingsfunksie van die huisgesin kan nooit van mekaar geskei word nie. Die onafskeidelike korrelasie tussen die etiese en biotiese funksies bepaal, onder leiding van die ouerlike liefde en gesag, die gemeenskaplike doelstelling van die gesin as geheel. Daar moet dus samewerking en wisselwerking tussen die ouers onderling wees, en tussen ouers en kinders onderling om die hoogste roeping van die gesin, nl. meer en meer die verwesenliking van hierdie liefdesverhoudinge te bewerkstellig.

Die gemeenskaplike doelstelling bepaal, beïnvloed en vorm die liefdesverhoudinge in die huisgesin, d.i. dit kleur al die ander funksies van die huisgesin se dinamiese strukturele orde.

Die indiwiiduele bydraes van die gesinslede is hulle funksies in die verskillende aspekte van getal, ruimte, beweging, gevoel, denke, kultuurontwikkeling, taal, omgang en die ekonomiese, estetiese, juridiese en geloofsaspekte.

Die etiese en biotiese, soos reeds genoem, is noodsaaklik vir die instandhouding en vorming van hierdie samelewingsvorm.

Maar ook in 'n ander opsig is die gesinsopvoeding van kardinale belang, omdat die huisgesin die brug vorm waarmee geleidelik aansluiting by die menslike samelewing gevind moet word, m.a.w. die eerste leiding ten opsigte van die toekomstige gesin, kerkklidmaatskap, burgerskap en leerling word allereers by die huisgesin ingeskerp. Kortom, naas andere se bydrae mond ook die gesinsopvoeding uit in die menslike samelewing.

Voeg hierby dat ook die gesin 'n draer en oordraer is van 'n komponente kultuurmassa, dan gaan dit om 'n min of meer eenderse patroon van gedragswyse wat die resultaat is van 'n afdruk van die hart en hoof van die ouers op die wordende persoonlikheid van die kind as aksiesentrum in die gesinskring as voorbereiding vir gesonde aansluiting by die samelewing.

Hierin lê opgesluit dat 'n baie belangrike onderdeel van die kultuur bestaan uit die min of meer enerse gedragswyse van 'n bepaalde groep ten opsigte van sekere sosiale situasies. Dit vertoon 'n min of meer univorme patroon: 'n kultuurpatroon.

2. Samevatting van definisies en omskrywinge van die huisgesin.

Oor die gesinsopvoeding is uitstekende werke gelewer en slegs die hooftrekke is aangedui in hierdie verband. In hierdie kort struktuuranalise van die huisgesin, is die normatiewe aard of orde aangetoon en die feitlike orde. Daar is 'n voortdurende afstempeling van die normatiewe orde op die feitlike orde en 'n strewe om die feitlike orde d.m.v. die gesinsfunksies so na moontlik aan die normatiewe orde in die samehangende aspekte in hulle rangorde op te stoot, hoe-

wel die ideële as die volmaakte in hierdie verband nooit hier op aarde bereik kan word nie.

3. Enkele grondstellinge in verband met die gesinsopvoeding.

a. Die huisgesin is 'n primêre groep en is die noodsaaklike voorwaarde vir die ordelike bestaan van en individu en groep en die samelewingsorde as 'n geheel.

b. Die vormende waarde van die gesinsopvoeding vir die wordende persoonlikheid van die kind, is die fondament waarop alle ander onderwys voortgebou moet word.

c. Wat ons in die algemene beskouing oor die onderwys en opvoeding en die samelewing by die universaliteit van die pedagogiese werksaamheid aangetoon het, geld ook hier in 'n besondere mate en wel ten opsigte van die aard, wese en roeping asook bestemming van die gesin.

d. Van besondere belang is die funksieverlies van die moderne huisgesin t.o.v. die ekonomiese lewe, die opvoeding, die arbeidsverdeling en vrye tyd. Later in hierdie verhandeling word meer aandag hieraan bestee.

e. As't ware vorm die gesinsopvoeding die fondament vir die anders geaarde konstante samelewingsvorme en ook vir die maatskapsverhoudinge. Maar ons moet ook aandag bestee aan die volgende in hierdie verband.

B. 'n Kort analise van die sigbare kerk as samelewingsvorm om sy bydrae tot die opvoeding van die kind aan te toon.

1. Definisies en omskrywinge van die sigbare kerk as samelewingsvorm.

a) Ons kan die kerk as samelewingsvorm na sy interne aard omskrywe as behorende tot die godsdienstige gemeenskappe

„religious institutions" 1).

b) Van Dijk omskrywe die sigbare kerk as: „het op de eis der Goddelijke Woordopenbaring gegronde geloofs- en cultu^everband van Christ-gelovigen in de eenheid van belijdenis en eredienst en onder de leiding van de geïnstitueerde ambten tot de dienst des Woords (en der Sacramenten) en tot de dienst der onderlinge liefde" 2).

c) „So universal, permanent, and pervasive is religion in human society that unless we understand it thoroughly, we shall fail to understand society" 3).

d) „These are standardized, accepted, and usually enforced systems of social behavior. They order, regulate, and correlate the activities and relationships of all individuals and subgroups of the culture area as they carry on the operations necessary to satisfy the wants and needs" 4).

e) Met bogaande aanhalings kan ons die aard van die funksies van die kerk as geloofsgemeenskap nie deeglik begryp alvorens ons die strukturele beginsels aangetoon het nie 5).

f) „Religious bodies are face to face only in their local manifestations; mainly they consist of persons and groups scattered over wide areas, even globally, and bound together by an effective system of intercommunication" 6).

-
- 1) Die meeste sosiologiese werke wy 'n hoofstuk hieraan.
MacIver and Page: Sociology.
Cuber: Sociology: A Synopsis of Principles.
Sorokin, P.A.: Society, Culture and Personality.
- 2) Van Dijk: Mens en Medemens, p. 115.
- 3) Davis: Human Society, p. 509.
- 4) Koenig, Hopper and Cross: Sociology. A Book of Readings, p. 211.
- 5) Vgl. Davis: Human Society, p. 520.
- 6) Koenig, Hopper and Cross: Sociology. A Book of Readings, p. 212.

g) Koenig, Hopper en Cross praat van die kerk as 'n „common body of beliefs, values and objectives" 1).

h) Verder sê hulle: „it canalizes religious behavior, and does much educating and some disciplining" 2).

2. Samevatting van definisies en omskrywinge van die sigbare kerk as samelewingsvorm.

Sonder om in die besonderhede te gaan stel ons dadelik vas dat ook die sigbare kerk 'n normatiewe en feitlike orde het. Die kerk is die gemeenskap van die gelowiges. Die funksies en liefdesverhoudinge in die dinamiese strukturele orde sentreer rondom die kwalifiserende funksie van die kerk, nl. in die geloofsaspek wat skeiding maak tussen die mens en sy Skepper.

Die bestemmingsfunksie is onafskeidelik verbind met die swaardmag van die Woord van God wat na alle kante toe sny. In die kerklike organisasie word die orde verpersoonlik deur die ampte van die Woordbediening en van die onderlinge liefde deur die herderlike en leraarsamp (predikant), die ouderlinge as die opsieners oor Sionsmure, en die diakonale amp vir die insameling van die bydraes en aalmoese van die lidmate vir barmhartigheidsdiens. Kortom, die diens van uitbreiding van die geloof op aarde van ons Here en Heiland.

Soos 'n skrywer dit stel? „It canalizes religious behaviour, and does much educating and some disciplining" 3). Dit beteken dat die Woord van God wat na alle kante toe sny ~~en~~ geestelike wêreldheerskappy nastrewe. Hierby kom dat dit

1) Koenig, Hopper and Cross: Sociology. A Book of Readings, p. 212.

2) Id., p. 212-213.

3) Ibid.

die hoogste roeping van die kerk as geloofsgemeenskap en van die lidmaat is om orals en te alle tye reformerend in alle situasies op te tree. In hierdie lig is alle mense volgens hulle geskape aard dus uit, deur en tot God. Almal vind in Hom hulle oorsprong en bestemming en daarom het die kerklike ampsdraers, net soos die lidmate, 'n ewigheidsbestemming.

Daar kan verder in die kerk geen sprake wees van gesagsvorme wat ontleen is aan anders geaarde samelewingsvorme nie: kerkampgesag bly altyd Woordgesag. Wat wel gebeur en waar is, is dat die kerk as geloofsgemeenskap met liefde tot jou naaste, al die ander funksies, as randmomente, kleur. Elke lidmaat behou as Christengelowige die vryheid en reg om kritiek uit te oefen volgens die gesag van Gods Woord.

Die kerk doen 'n beroep op alle lidmate en alle mense om die gemeenskap van die heiliges te beoefen onder die uitsluitlike swaardmag van die Woord van God d.m.v. die verkondiging van die Evangelie.

Die kerk is spesifiek 'n tydelike lewenskring en met sy funksies van geloof en liefde in die eerste plek dus betrokke op die tydelike menslike lewensaspekte. Die kerk met sy doelstelling om in die gemeenskaplike geloofs- en godsdienstbehoefes van die gemeente te voorsien, doen slegs 'n beroep op sy lidmate tot die oorgawe van die menslike hart aan God deur die geloof in Jesus Christus en die werkinge van die Heilige Gees, en wel d.m.v. die verkondiging van die Evangelie, die huisbesoek en die gebruik van die Sakramente.

Die kerk as samelewingsvorm het 'n roeping en 'n bestemming wat hom dring tot aksie om sy taak uit te voer. Elke kerklidmaat is ook die aksiesentrum in hierdie geloofsgemeenskap, omdat hy hierdie roeping uitvoer om die kerk te vorm, te onderhou en te laat voortbestaan, maar hiermee ondergaan ook die lidmaat op sy beurt die beïnvloeding en vorming wat die geloofsgemeenskap hom bied.

Daarom voel manne en vroue 'n behoefte in hulle harte

om te arbeid aan die vorming, uitbreiding en hervorming - ja gedurige reformering van Sy Kerk totdat Hy Sy bruid kom haal.

Ons tradisionele opvatting oor die kerk bly konserwatief en die wêreld en sekularisasie moet ten alle koste daaruit geweier word.

Ten besluite het die kerklike struktuur sy eie getalsfunksie, ruimtelike funksie, eie taal, kerklike kuns en simboliek as die sinnebeeldige handeling van die Sakramente, die kerkbegrip in die analitiese funksie, die kerkgevoel in die psigiese funksie, die kerk as lewende organisme in die biotiese funksie, die kerklike dinamiek kom tot openbaring in beweging en verandering in die fisiese funksie, die kerklike gebied, die landelike kerk, die plaaslike en wêreldkerk in die ruimtelike funksie en die kerklike eenheid in die veelheid van kerke in die getalsfunksie.

Verder het die kerk sy eie kerkreg, gesag en tug as 'n juridiese funksie, sy eie kerkeconomie in die kerkhuishouding en ten slotte 'n kerklike harmonie en samewerking in die omgang tussen die ampsdraers en die lidmate onderling. Op al hierdie terreine kom die aktiwiteite van die kerk tot openbaring. Almal word gelei en gerig deur geloof en liefde.

3. Die betekenis van die kerkgemeenskap vir gelowige kinderopvoeding.

Die volgende aanhaling weerspieël die wese van die betekenis van die kerkgemeenskap vir die gelowige op aarde: „.....There is no truer conception of the good society or the good citizen than that displayed in the life and teachings of Jesus. His life and teachings have changed the face of history. With all the imperfections of individual Christians and of the Christian Churches themselves, Christianity has been the most enduring civilizing force

seen in the world" 1).

In die lig van die vorige aanhaling, wil ons oor die Christelike kinderopvoeding ook iets aanhaal uit Fairchild: „Membership in a particular religious body is so completely a part of the family unity that long before the new individual has attained either the capacity or the opportunity for choice he has come to take this religious affiliation for granted. It has become so thoroughly ingrained in his nature that any departure from it can be carried out only at the cost of some amount of effort and suffering" 2).

Hieruit vloei voort dat die kennis van godsdienst, geloof, liefde, belydenis en ander funksies van die kerk waaroor die ouers beskik, gepaard gaan met beginsels. Hierdie beginsels wat voortvloei uit die Groot Gebod is vervat in en wys na die Norm Jesus Christus wat die mens regstreeks voor God tot verantwoording roep vir sy lewe en daede op aarde.

Die opvoeding van die mens tot kerklid en Christengelowige begin by geboorte en die Heilige Doop, later deur die aflegging van die Geloofsbelydenis waardeur die lid aangeneem word as volwasse lid van 'n bepaalde kerk.

Die aflê van belydenis geskied uit die bepaalde behoefte en begeerte van elke mens se hart omdat God dit van hom eis.

Die aflê van belydenis geskied nie in die vorm van kontraktuele toetrede of op grond van sosiale oorweging nie. Die kerk is geloofsgemeenskap en belydenisgemeenskap. Die aard van die belydenis word bepaal deur die inhoud van die belydenisskrifte en verering van die konfessionele aard

1) Citizens growing up at home, in school and after. Published for the Ministry of Education, His Majesty's Stationery Office, Pamphlet No. 16, London, 1949, p. 10.

2) Fairchild: Sociology. A Book of Readings, p. 17.

van 'n bepaalde kerk waarvan iemand 'n lewende of aktiewe belydende lidmaat is. Tot op groot hoogte word die Godsgeloof en wat daaruit voortvloei bepaal deur die geloofsinhoud wat vervat is in 'n bepaalde kerk se belydenisskrifte. Die geloofsbelydenis wat iemand aflê versterk enersyds die band van die lidmaat met sy Skepper, maar andersyds ook die band met sy kerk.

Wanneer gelowige ouers die doopbelofte aflê, onderneem hulle om die kinders op te voed in die kennis en vrese van die Naam van die Here. Die belofte neem toe in die hart van elke lidmaat omdat hy op grond van geloofskennis en liefde sy godsdienst uit selfoortuiging as verantwoordelike roeping verstaan, aanvaar en ten uitvoer bring.

Die jongmens as onselfstandige lidmaat van die kerk aanvaar die waaragtige, onwrikbare groothede van die Woord via sy ouers, die kerklike aktiwiteite, die katekisasie, preke, die Sakramente, die tug, huisbesoek ens. as kennis wat hy opdoen uit die leiding wat hy ontvang.

Hierdie opgedane kennis is geloofskennis as gevolg van geloofsonderrig volgens 'n vaste tradisie. Die jong kind aanvaar hierdie geloofsonderrig en opvoeding as 'n geleidelike vermeerdering en inskerping van sy geloofsinhoud wat toeneem in kwaliteit. In breë trekke stem sy geloof ooreen met die geloofswaarhede wat hy as kind via sy ouers sonder teësprak aanvaar het en wat hy dan bely by die aflegging van die geloofsbelydenis.

Op hierdie wyse word die kind geleidelik tot kerklidmaat gevorm en opgevoed in en deur die kerk, tot wie se geloofsgemeenskap onder andere ook sy ouers behoort.

4. Enkele grondstellinge i.v.m. die kerklike opvoeding.

1. Samevattend kan ons dit stel dat die mens in die sisteem van godsdienstverhoudinge duursaam na Bo verbind is maar dat

hy as aktiewe kerklidmaat ook deur naasteliefdeverhoudinge gebind is. In hierdie verbonde wees aan sy medegelowiges word hy voortdurend aan sy medegelowiges in alle situasies, na binne sowel as na buite, in sy hart en gewete deur sy persoonlike verantwoordelikheds- en normbesef gelei en gerig.

2. Die kerk behoort 'n godsdiens- en geloofsanker te wees in die konkrete lewe van die mens, in die samelewingsvorme en in die verhoudinge en van 'n volk as geheel tot ander volke.

3. Die wisselwerking bestaan uit leiding wat volwassenes aan volwassenes gee (predikant, ouderlinge aan lidmate) en van volwasse kerklidmate wat leiding aan kinders vir die gelowige Christelike opvoeding gee.

4. Die volwasse lidmaat is die aksiesentrum in die geloofsgemeenskap vir die vorming, beïnvloeding, instandhouding en voortbestaan van die kerk op aarde.

5. Ook die jeug en die volwasse lidmaat word deur hierdie geloofsonderrig en opvoeding beïnvloed en gevorm vir sy Christelike taak en roeping.

6. Alle opvoeding bied hulp en steun aan en kulmineer in die geloofsaspek van die kerk, wat bokant die menslike samelewing uitstyg. Geloofsonderrig is noodsaaklik vir die heenlei en wys na Bo.

7. Die kerklike kultuur is geen godsdiens nie, hoewel ons Hom daarmee dien deur middel van die orrelmusiek, psalm- en gesangboeke, die Bybelboek, bekens ens. Die kerklike kultuur is religieus bepaald.

8. Die grootste mate van vryheid vir die mens veronderstel gebondenheid en verantwoordelikheid, omdat die grootste vryheid van die mens daarin geleë is dat hy dit verkry deur die Soenverdiensle.

C. 'n Kort analise van die staat as samelewingsvorm om sy bydrae tot die opvoeding van die kind aan te toon.

1. Definisies en omskrywinge van die staat.

a) „Every society has at the core of its culture a system of ultimate values around which the consensus of the society is organized..... These ultimate values are expressed in the organization of a system of social norms which define the rights and the obligations of the individual in his relations with other..... It is this total system of ultimate values, hierarchy arranged goals, and normative rules of conduct which create social order and make it possible for the society to function as a unit and the individual to achieve his purposes" 1).

b) Die staat as spesifieke samelewingsvorm is 'n verskynsel van die moderne samelewing, so dat ons vandag praat van nasionale state, waarvan die struktuur nog eng verweef is met en opgesluit lê in die totalitêre samelewingsvorme van stam, clan, gilde, stad, dorp ens. van die ongedifferensieerde samelewingsvorme van die verlede en die hede 2).

c) „Het verband der openbare samenlevingsorde van overheid en onderdanen, op de basis van het monopolie der zwaarmacht over een bepaalde cultuurterritoir, naar de norm van de harmonisering van de private belangen in (de verzorging van) het openbaar (algemeen) belang in de zin der gerechtigheid" 3).

d) „Society cannot exist without order, or order without justice; and both require a custodian and interpreter, an executor" 4).

1) Wilson en Kolb: Sociological Analysis, p. 513.

2) Vgl. Van Dijk: Mens en Medemens, p. 119.

3) Id., p. 119-120.

4) Haas: Man and Society, p. 390.

e) MacIver en Page beskryf die „Functions peculiar to the State" ¹⁾ as die handhawing van orde, die verkryging van geregtigheid en die beskerming van 'n stelsel van besittings- of eiendomsreg.

f) „Sy (die staat se) eintlike funksie en taak is om vir individue en menslike verbande regs moontlikhede en die reg te vorm en te ontwikkel en om daardie reg met mag en geweld (soldate, polisie, tronke, boetes ens.) te handhaaf en te beveilig, sodat 'n ordelike en harmoniese, asook roepingsgetroue samewerking tussen individue, tussen individue en samelewingsvorme onderling moontlik is. So bestry die staat die gevolge van die sonde - op positiewe en op negatiewe wyse" ²⁾.

g) Uit bogaande aanhaling blyk dit duidelik dat die publieke regsorde nooit as sodanig doel en motief van die handeling van die staat sonder meer is nie, maar die staat is slegs die noodsaaklike instrument om hierdie funksie of taak van die handhawing van die openbare orde en die versorging en ontwikkeling van die ware algemene belang te behartig ³⁾.

h) „.....Zij (die staat) heeft de publieke - nationale of plaatselijke-voorwaarden ^{er} te onderhouden of te ontwikkel, en sy dient in grenssituasies van nood of onrecht beschermend op te treden en recht te doen" ⁴⁾.

Volgens hierdie definisies en omskrywinge kan ons die staat na sy interne aard en organisasie omskrywe as 'n regsgemeenskap wat die regsverhoudinge tussen owerheid en

1) Vgl. MacIver en Page: Society. An Introductory Analysis, pp. 458-463.

2) Stoker: Die Stryd om die Ordes, p. 244.

3) Vgl. Ross, E.J.: Sociology and Social Problems, p. 102.

4) Van Riessen, Ir.H.: De Maatschappij der Toekomst, p. 92.

onderdane reël. Hierdie regsverhoudinge ontstaan deurdat 'n regering as instrument van 'n staat d.m.v. wetgewing die wette maak om die openbare orde en veiligheid te verseker en hy kan dit selfs afdwing met magsgeweld. Hiertoë dien die swaardmag van die staat, wat bestaan uit sy land-, lug- en seemag.

Die staat as regsgemeenskap se kwalifiserende funksie is te vinde in die juridiese aspek. Dit hang ook onafskeidelik saam met die mag en geweld wat 'n staat het (die enigste samelewingsvorm vir wie dit wettiglik veroorloof is om van die swaardmag gebruik te maak) om hierdie regsverhoudinge by die onderdane in te skerp, deur hulle te beïnvloed, hulle tussenslike verhoudinge en gedragswyse dus te vorm.

Die afdwingbaarheid van die regsverhoudinge veronderstel ook naas konformering daaraan, verdraagsaamheid en verdraagbaarheid teenoor andersdenkendes. In sy wese sluit dit ook leiding in wat gegee en aanvaar moet word op grond van eie oortuiging om te kom tot 'n lewenshouding op hierdie terrein.

Dit is die hoogste roeping van die staat om reg en geregtigheid in die openbare orde te bewerkstellig.

Rondom die kwalifiserende funksie sentreer al die ander funksies van die staat in die dinamiese strukturele orde. Trouens, die kwalifiserende funksie kleur al die ander funksies in hierdie rangorde van waardes wat in die openbare ordegemeenskap na alle terreine van die lewe funksioneer. Die ander funksies wat die staat byvoorbeeld verrig, val op die ekonomiese terrein.

Die staat vestig 'n ekonomiese orde vir 'n staatshuishouding, d.i. deur middel van o.a. belastings wat gehef word word 'n staatsinkome verkry vir die gladde funksionering van die staatsmasjien, van die onderskeie staatsdepartemente vir wetgewende, uitvoerende en regterlike dienste. Die

staat beoog geen ekonomiese wins nie" 1).

Verder vestig die staat 'n openbare estetiese orde, wat verstewig word deur die harmonie van 'n saamhorige gemeenskap, soos dit tot uiting kom by 'n bepaalde volksgemeenskap as die verhouding tussen owerheid en onderdane. Ook die mees uiteenlopende belange word deur 'n regering op die hart gedra om politieke harmonie te bewerkstellig wat noodsaaklik is vir 'n gesonde openbare orde.

Die etiese funksie bestaan uit die vaderlandsliefde wat die band lê tussen 'n owerheid, 'n volk en 'n landsgebied. Vaderlandsliefde in hierdie sin is gewortel in die geskiedenis van die wel en wee van 'n eengeworde volk met gemeenskaplike ideale, tradisies, taal, gewoontes, volksgebruike ens.

Die staat vestig ook 'n godsdiensoorde waar daar godsdiensvryheid of -verdraagsaamheid heers. Op die gebied van die taal is die funksie van die staat die van wetgewing. Verder bied die staat ook hulp in die versorging en skepping van die taal en hy skep simbole verwant aan die taal, soos 'n nasionale vlag, 'n volkslied, vaandels, eretekens ens.

Owerigens is dit die roeping van die staat om 'n regverdige orde binne sowel as buite die staat te handhaaf en te verseker.

Samevattend kan die staat as samelewingsvorm dus beskryf word as die gemeenskap van die regverdige regsverhoudinge tussen owerheid en onderdane, as 'n saamhorige openbare gemeenskap met sy onderlinge samelewingsvorme, samelewingsverhoudinge, handelinge en gebeurtenisse. Die staat verleen beskerming vir die mens se bestaan en voortbestaan.

1) Vgl. Van Riessen, Ir.H.: De Maatschappij der Toekomst, p. 92.

2. Die bydrae van die staat as samelewingsvorm in opvoedkundige sin.

Eintlik is die staat as samelewingsvorm die skraalste toebedeel met middele vir die Opvoedkundige roeping. Die mees geskikte, geoorloofde en die suiwerste staatsmiddels tot die opvoedkundige roeping en taak is die militêre diens, die justisie en die staatsdiens, om d.m.v. spesifieke opleiding orde en vrede te handhaaf.

Die militêre diens van moderne nasionale state kan ingedeel word onder land-, lug- en seemagte. Alle jong burgers tussen sekere ouderdomsgroepe wat medies geskik is, ontvang militêre opleiding in een van die genoemde drie rigtinge, gewoonlik drie maande per jaar om mettertyd aan al die vereistes van moderne oorlogvoering te kan voldoen.

Wanneer sommige manskappe weens aanleg die militêre diens tot roeping kies, moet hulle, om promosie in die verskillende range te behaal, strenge eksamens aflê wat volg op 'n ingewikkelde studie aan die een of ander militêre kollege van die verskillende terreine van die moderne oorlogvoering.

Die polisieopleidingskollege ressorteer onder die departement van Justisie, terwyl die militêre mag onder Verdediging val. Die taak en roeping wat beide magte voor verantwoordelik is, is verskillend; die polisie s'n is grotendeels die handhawing van die openbare orde en die veiligheid binne die landsgrense in tye van vrede en oorlog. Die verdedigingsmag se taak, waarvoor daar spesifieke opleiding is, kom tydens oorloë na vore.

Verder moet die militêre mag ook in gevalle van nood sy opdrag uitvoer as die „mag" van die regering van 'n staat, om die orde na binne sowel as na buite te handhaaf en ook om die openbare en private belange te beskerm en te verdedig.

President Wilson het in „The State" (p. 42) die be-

skermende funksies van die staat as volg saamgevat:

1. Die handhawing en versorging van orde deur die beskerming van persone en eiendom teen geweld of roof of diefstal.
2. Die instel van regsverhoudinge tussen man en vrou en tussen ouers en kinders.
3. Reëling vir die hou, oordrag en verwisseling van eiendom en die bepaling van verantwoordelikhede vir skulde of misdad.
4. Die bepaling van kontrakregte tussen individue.
5. Behoorlike definiëring en/of omskrywing van en straf vir misdad.
6. Die administreer van die gereg in siviele sake.
7. Die bepaling van politieke pligte, regte en verhoudinge tussen die burgers.
8. Die optrede van die staat met vreemde of buitelandse magte: die beskerming van die staat teen buitelandse gevare en die bevordering van die staat se internasionale belange.

Sowel die lede van die verdedigings- as dié van die polisiemag word spesifiek opgelei vir hulle taak en roeping d.m.v. kennis wat aan hulle oorgedra word.

Kortom, die struktuur en bestemming van hierdie magte word deur regsverhoudinge gekenmerk. Die manskappe word gevorm om die openbare orde op die grondslag van die swaardmagte verseker.

3. Enkele grondstellinge oor die staatkundige opvoeding.

1. Hoewel in beperkte mate, bestaan die staatlike opvoeding uit leiding wat gesagsdraers op die terrein van die openbare orde aan die staatsburgers verskaf tot hulle vorming en oriëntering.

2. Die mag waaroor 'n staat beskik, maak sy verantwoordelikheid in die moderne tyd baie groot, omdat daar 'n internasionale sisteem van ineenverweefde tussenmenslike verhoudinge op allerlei terreine bestaan, byvoorbeeld op die gebied van die wetenskap, die tegniek, kuns, ekonomie, politiek ens.

3. Hieruit vloei voort die spesifieke roeping van 'n staat ten opsigte van al die sosiale prosesse wat behandel is in ons beskouing oor die universaliteit van die pedagogiese werksaamheid.

4. Die staat se roeping ten opsigte van die vorming van regsverhoudinge d.m.v. wette stel hom in 'n verantwoorde en verantwoordbare posisie teenoor sy landsburgers.

5. Die staat is ook draer en oordraer van 'n komponente kultuurmassa. Dit kom tot openbaring in 'n kultuurpatroon ten opsigte van die regsverhoudinge binne bepaalde staatsgrense wat en onderdaan en owerheid en volk in 'n saamhorigegebonde eenheid saamsnoer.

D. Samevattende beskouing oor die grondstellinge t.o.v. die verhouding (a) tussen skool, gesin, kerk en staat en (b) tussen die skool, die gesin, kerk en staat.

(a) Die verhouding tussen die skool: gesin, kerk en die staat.

1. Inleiding.

Binne die beskouing oor die universaliteit van die pedagogiese werksaamheid, is in hierdie hoofstuk die eiesoortige opvoedkundige bydrae volgens die aard, wese, roeping en bestemming van die vernaamste onderskeie samelewingsvorme aangetoon.

Die huisgesin, die kerk en die staat, asook die ander samelewingsvorme is vervleg met mekaar en staan langs mekaar.

Hulle vul mekaar, nieteenstaande hulle verskillende aard, voortdurend aan en dra elkeen op sy eie wyse sy aanvullende deel by tot die totale pedagogiese werksaamheid. Hulle is konstante samelewingsvorme wat in hulle samewerkende en wisselwerkende funksionele verhouding tot mekaar kennis bydra — d.i. onderwys as deel van die opvoeding.

2. Uiteensetting van (a).

1) Enkele grondstellinge t.o.v. die verhouding tussen die huisgesin en die skool.

- i. Die skool ontstaan histories uit die huisgesin as die vrug van kultuurontwikkeling ¹⁾.
- ii. Die huisgesin is die voedingsbron van die skool en die skool is nie die verlengstuk van die huisgesin nie.
- iii. Die skool en gesinsopvoeding vul mekaar aan, elkeen op sy eie wyse. Dit vra heelhartige samewerking tussen skool en huis.
- iv. Die skool vorm die brug vanaf die huisgesin na die groot samelewing.
- v. Die skool het sy eie bestemming wat hy moet bereik met sy eie doelstelling, sy eie middele, metodes en tug, sy eie organisasie en administrasie, wat in wese verskil van die huisgesin.
- vi. Die gees van die skool kom ooreen met sy doelstelling en hou ook rekening met die gees van die gesin in hulle funksionele verhouding tot mekaar.

2) Enkele grondstellinge t.o.v. die verhouding tussen die skool en die kerk.

- i. Die kinders van kerklidmate as gelowige ouers moet deur wetgewing verpligte skoolonderwys en opvoeding ontvang.

1) Vgl. Coetzee, J.Chris: „Die Skool en: die Huis, die Kerk en die Staat“, in Koers in die Krisis, Deel 1 pp. 323-325.

- ii. Die kerk het volgens sy wese die reg tot mag en toesig oor die onderwys en opvoeding van sy potensiële lidmate, op grond van die swaardmag van die Woord wat na alle kante toe sny.
- iii. Die opvoedingsbeskouing rus op 'n lewens- en wêreldbeskouing van die ouers wat tot 'n bepaalde kerk behoort.
- iv. Die kerklike toesig sluit ook in die tug van die kerk op die ouers, hul kinders en onderwysers as lidmate en potensiële lidmate van 'n kerk.
- v. Die skool is geen verlengstuk van die kerk nie — kerkskole word dus van die hand gewys.
- vi. Deur middel van skoolonderwys en opvoeding word die lidmate geleer om te lees en te skryf en ook om die kundighede en vaardighede vir gereelde Skrifondersoek vir die bloei en uitbreiding van die kerk te bemeester.
- vii. Die bestemmings- en funderingsfunksie van die kerk verskil van die bestemming en funderingsfunksie van die skool: eersgenoemde is geloofsgemeenskap, lg. is 'n sekondêre samelewingsvorm vir onderwys en opvoeding.
- viii. Die aard van die skoolonderwys word gekenmerk deur die analitiese en estetiese interpretasie van die skoonheidstruktuur in die Skepping en op hierdie wyse bied die skoolonderwys hulp en steun aan die kerk, om uiteindelik te kulmineer in die geloofsinterpretasie van die kerk ¹⁾. Hieroor word in die volgende hoofstuk in besonderhede geskryf.

3) Enkele grondstellinge t.o.v. die verhouding tussen die skool en die staat.

- i. Die staat het belang by die kwaliteit van die opvoeding

1) Vgl. Popma, K.J.: „Opvoeding, Onderwys en Schoolverband“, in Philosophia Reformata, 12de Jaargang, 3de Kwartaal, 1947, Artikel VI, pp. 130-134.

van sy potensiële burgers(esse) van die toekoms.

ii. Die staat erken die hulp van die skool vir die formele opvoedingswerk en roep dit in.

iii. Die staat as dwangmag in die volkslewe kom in die skool-opvoeding tot openbaring onder andere deur die volgende:

a. Besieling van die opkomende jeug met die heldegees wat voortspruit uit die vaderlandse geskiedenis is noodsaaklik vir die eenheid van die mense van die twee landstale in Suid-Afrika, maar ook vir die inskerping van 'n parallelle ontwikkeling en vir die bestaan naas mekaar van die verskillende rasse en taalgroepe as 'n verskeidenheid, elk met sy eie aard.

b. Die peil van die volksontwikkeling moet opgestoot word vir alle rasse en taalgroepe.

iv. Die staat moet voldoen aan die sedelike reg van die onderwys en opvoeding vir almal binne sy bepaalde landsgrense.

v. Die staat stel die regsverhoudinge tussen die ouer, die bestuur, die onderwyser en kinders deur middel van die Provinsiale Rade vas.

vi. Die staat reël deur middel van verpligte skoolbesoek die bepaalde ouderdomsgroepe en grense om die peil van die opvoeding te handhaaf en te verbeter.

vii. Die staat moet toesig hou oor die leerinhoud ¹⁾.

viii. Die staat subsidieer die onderskeie provinsies vir die oprig, instandhouding en beheer van skole, salarisse, diensvoorwaardes, geboue ens. vir die skoolonderrig.

ix. Professor Coetzee sê die staat het prinsipieel en histories na sy wese 'n reg tot medeseggenkap in die struktuur van die skoolopvoeding: omdat die kwaliteit van sy toekomstige burgers(esse) die noodsaaklike voorwaarde is vir die

1) Coetzee: in Koers en Krisis, Deel I, p. 328.

geestelike en sedelike welvaart van 'n bepaalde volk se bestaan en voortbestaan.

(b) Enkele grondstellinge t.o.v. die verhoudinge tussen die skool, die gesin, die kerk en die staat.

Uit die voorgaande is dit baie duidelik dat daar 'n funksionele en wedersydse wisselwerking is tussen die skool en die anders geaarde samelewingsvorme: elkeen volgens sy eie aard en wese, t.o.v. die wese van die opvoedingsproses, wat 'n heenwys en 'n heenlei na Bo is.